

Tienerafrikaans

A B S T R A C T Afrikaans teen-speak It is a well acknowledged fact that teenage talk, or adolescent language, differ from adult speech in many respects, and that this can be ascribed to their signalling of peer group conformity and solidarity. The sociolinguistic importance of this phenomenon is though still not fully exploited. Its innovative and pragmatic aspects and its roll in grammaticalization and language change only became apparent since the 1990s with the emergence of a number of empirical studies and publications. These are based on large corpora of teenage language for different languages like the "Bergen Corpus of London Teenage Language" (Colt) (1993), "Jugentliche und 'ihre' Sprache" (1996), "Deutsche Jugendsprache" and "Språkkontakt och ungdomsspråk i Norden" (UNO) (1997-2000). For Afrikaans the first corpus of teenage language appears in Marais (2005). On the basis of these forms, collected from recorded spontaneous speech, from a questionnaire, from *JIP* (supplement of the *Beeld* newspaper) and from published youth literature, we argue in this paper that Afrikaans teenage language is coherent with international trends, that it may also be called *slanguage* (*slangy language*) as Stenström (2000) indicated for British teenagers' English, but that it differs in certain respects, due to Afrikaans teenagers' command of varieties of English and of Afrikaans.

Keywords: Afrikaans, teen-speak, slang, slanguage, slangy language

1. Inleiding

Dis 'n welbekende feit dat tieners of adolessente¹ 'n taalvorm gebruik wat afstand tussen hulle en 'n vorige geslag bring.. Hierdie taalvariëteit met sy grootskaalse vermenging met Engels, wat ook in die Europese lande voorkom, is lank bloot as *sleng/slang*² beskou. Slobinski en Heins (1998: 10) wys daarop dat jeugspraak-navorsing eers na 1945 in Europa gekom het toe die

¹ Oor die algemeen word die ouderdomsgroep van ongeveer 13-18 as tieners of adolessente beskou.

² In hierdie bydrae word slegs die term *sleng* vir die Afrikaanse fenomeen gebruik.

anglofoniese invloed Europa vir die eerste keer regtig getref het, maar dat dit toe bloot as spraakverval gesien is. Die begrip tienertaal, asook die besef dat *tienertaal* 'n ryk veld vir die studie van grammatikale prosesse en die relevansie van sleng-taalvorme is, is baie resent (vgl. Androutsopoulos, 1999). Gisle Andersen, 'n navorser op dié gebied, wys so onlangs as 1999 daarop dat die taalgebruik van ouderdomsgroepe soos tieners nie juis aandag in sosiolinguïstiese navorsing gekry het nie.

Op grond van die eerste groot datakorpus vir Afrikaanse tienertaalvorme, wat in die Gauteng-gebied versamel is met die oog op beskrywings in Marais (2005), word in hierdie bydrae 'n uiteensetting gegee van die basiese aard van Tienerafrikaans. Hier kan nie 'n leksikon gegee word van alle taalvorme van tieners of adolessente oor die hele Afrikaanse spraakgebied nie. Vorme verskil by verskillende instansies, woongebiede, streke en sosiale groepe. 'n Tienersrespondent in Randburg het dit soos volg gestel:

Maar Tannie doen nou hierdie storie oor *speech* en goed nè, maar wat Tannie nie besef nie, is: hier praat ons so, maar byvoorbeeld in Roodepoort, want my niggie bly in Roodepoort ... nou as ek daarso aankom, dan sal ek soos 'n *outcast* wees, want die mense praat daar anderster. Orals waar jy kom, praat mense anderster, hulle gebruik anderste woorde. Jy kan hierso sê dis 'n *wicked* kar daai, maar as jy net byvoorbeeld Pretoria toe gaan, dan sal hulle vir jou sê dis 'n cool kar daai, of so ietsie, verstaan.

'n Model vir Tienerafrikaans word hieronder opgestel op die basis van die model van Anna-Brita Stenström (2000) vir die taalgebruik van Britse tieners. Alhoewel tienertaalvorme verskillend manifesteer by verskillende groepe en Tienerafrikaans uiteraard ook van die variëteit van Britse tieners sal verskil, kan binne so 'n model aangetoon word dat Tienerafrikaans internasionale tendense vertoon. Grammatikalisasie in Tienerafrikaans word in hierdie bydrae net geïmpliseer. Dit sal in 'n volgende artikel geëksploiteer word. (Vgl. in dié verband Androutsopoulos, 1999, oor grammatikalisasie in die taalgebruik van Duitse tieners.)

2. Bestaande bronne en navorsing oor tienertaal

2.1 Buitelandse navorsing

William Labov se bekende *Language in the inner city* (1972), wat hoofsaaklik gaan oor die taalgebruik van jeugbendes onder die Afro-Amerikaanse jongmense, was 'n baanbrekerswerk op die gebied van adolessentetaal. Deur sy korrelatiewe sosiolinguïstiese navorsing kon Labov reeds aantoon dat hierdie groepe se taalgebruik met groeidentifikasie verband hou.

Enkele publikasies op die gebied van tienertaal, of adolessentetaal, het later vanaf die sewentigerjare verskyn, soos dié van Romaine (1984) en Eckert (1989). Die innoverende krag van tienertaal en die belangrike rol daarvan ten opsigte van taalverandering het egter eers baie resent, teen die einde van die twintigste eeu, skerp onder die aandag gekom met die verskyning van publikasies wat gegrond is op groot korpusse tienertaalvorme wat deur empiriese navorsingsprojekte soos die onderstaandes verkry is. Van die bekendstes word hier genoem.

Bergen Corpus of London Teenage Language (COLT) (1993): Anna-Brita Stenström was 'n leidende figuur in tienertaalnavorsing. Onder haar leiding is die COLT-korpus, bestaande uit 'n halfmiljoen linguïstiese items, in 1993 saamgestel. Benewens 'n aantal publikasies van Stenström

self, kon dit ook dien as bron vir die navorsing van Gisle Andersen (vgl. o.a. Andersen, 1999). Strenström se model vir tieners se *slanguage* word hieronder as model vir Tienerafrikaans gebruik.

Språkkontakt och ungdomsspråk i Norden (UNO) (1997-2000): Die UNO-projek onder leiding van Anna-Brita Strenström en Ulla-Britt Kotsinas, was 'n vierjaar-projek oor tienertaal in die Skandinawiese lande, naamlik Swede, Noorweê, Finland en Denemarke. Bevindinge in publikasies wat daarop gegrond is, soos Strenström & Kotsinas (2000), beklemtoon die internasionale aard van tienertaaltendense.

Jugentliche und 'ihre' Sprache (1996-1998): Bydraes in *Jugentliche und 'ihre' Sprache* (1998), onder redaksie van Peter Schlobinski en Niels-Christian Heins, berus op 'n navorsingsprojek met dieselfde naam, wat in samewerking met studente en skoliere in Osnabrück gedoen is. Dit bevat 'n aantal artikels oor verskillende aspekte van Duitse tienertaal wat onderwerpe soos die rol van tienertaal ten opsigte van musiek en die kerk bevat, wat nie in hierdie bydrae spesifiek onder die loep geneem word nie.

Jugendsprache-projek en Androutopoulos-publikasies (1999, 2000, 2001): Androutopoulos skryf navorsingsartikels oor Duitse tienertaal gegrond op 'n navorsingsprojek *Jugendsprache* waarin 'n teoretiese raamwerk vir tienertaal daargestel word. Anders as in die ander Europese navorsingsprojekte, berus hierdie projek hoofsaaklik op geskrewe tienertaal uit die fanzines, tydskrifte wat goedkoop deur studente of musiekmense in hulle laat-tienersjare geproduseer word. Androutopoulos (1999) lewer 'n belangrike bydrae ten opsigte van grammatikalisasie in tienertaal. In hierdie bydrae sal grammatikalisasie in Tienerafrikaans net geïmpliseer word.

Voll konkret. Das neueste Lexikon der Jugendsprache – Hermann Ehman (2001): Hierdie leksikon, met meestal Duitse tienerwoorde, is oor baie jare opgestel uit die kontak met meer as 'n duisend jeugdiges. Enkele algemene Engelse woorde wat ook in Tienerafrikaans, en soms wyer voorkom, word daarin gegee: *coachen, cool, Junkie-(Dinger), Looser, (Mc)-Job, (Mega)-Deal, Message, Nerd, raven, tieren ('hard'; vgl. die Afrikaanse spiertier), Trasch, trendy, tricky, Trouble-shooter, waffelen.*

2.2 Suid-Afrikaanse navorsing

Weinig navorsing oor tienertaal in Suid-Afrika het nog die lig gesien. J. Mfusi skryf in 1992 oor "Soweto Zulu slang" met verwysing na jongmense, maar nie spesifiek na tienersleng nie. Vivien de Klerk toets in 1990 sekere stereotipes, soos dat sleng hoofsaaklik 'n 'male characteristic' is, aan die hand van vraelyste met 23 items aan 160 Engelssprekende tieners in Grahamstad-omgewing.

Afrikaanse tienertaal – Marais (2005): Die enigste Afrikaanse navorsingswerk wat op 'n groot hoeveelheid empiriese data berus, is dié van Salome Marais, soos vervat in Marais (2005). Die versameling van die data berus op informele gesprekke en vraelyste soos wat die metodologie ook was vir byvoorbeeld die COLT-projek (vgl. Strenström, 2000, "Introduction"), die UNO-projekt (vgl. Strenström & Kotsinas, 2000), vir die *Jugentliche und 'ihre' Sprache-projek* (vgl. Schlobinski & Heins, 1998: 11) asook vir Ehman se 2001-leksikon (vgl. Ehmann, 2001: 6). Daarbenewens het Marais die gebruik van tienertaal nagevors in JIP, die bylaag tot *Beeld*, wat die enigste Afrikaanse publikasie is wat naastenby vergelykbaar kan wees met die Duitse *fanzines*, wat deur Androutopoulos gebruik is. In JIP is die data veral uit die briewe, onderhoude, ensovoorts, geneem, aangesien artikels in baie gevalle die werk van volwassenes uit die redaksie

blyk te wees, waarin die tienvorme soms oordoën en gedwonge voorkom. Marais het ook van die tienerboeke van Leon de Villiers (1997), Helen Brain (1998), Barrie Hough (1998), Francois Bloemhof (2000) en Jackie Nagtegaal (2002) gebruik gemaak om die neerslag van die tienerleksikon in literêre werke wat op die jeug gemik is, vas te stel (vgl. Marais, 2005, hoofstuk 5).³

3. 'n Definisie van sleng

Na die Afrikaans-Engels-vermenging en die gebruik van ander tienvorming word gereeld as *slang/sleng* verwys (vgl. Marais, 2005: 81). Volgens Strenström (2000) se bronne oor sleng kom dit meestal in tienertaal voor. Met die tienertaal uit die COLT-data as bron, en die doel voor oë om 'n model vir tienertaal daar te stel, toon Strenström aan dat daar egter nie 'n enkele definisie is wat sleng duidelik omlyn nie.

Strenström (2000) gee aan die hand van aanhalings uit woordeboeke soos die *Longman Dictionary of Contemporary English* (1987), *The Oxford Dictionary of Modern Slang* (1992), die *Concise Encyclopedia of Pragmatics* (1998), die *Sweedse Nationalencyklopedin* (1996), en ander werke soos *A Comprehensive Grammar of the English Language van Quirk et al.* (1985: 27) en Andersson & Trudgill se *Bad language* (1990), 'n aantal kenmerke van sleng. Sommige hiervan definieer sleng, sommige gee net kenmerke en sommige sê wat sleng is of nie is nie.

Met die oog op die bespreking van Tienerafrikaans verderaan, gee ons 'n opsomming van hierdie gegewens oor sleng in die onderstaande willekeurige volgorde:

- Sleng is baie informele taal.
- Sleng is eerder 'n sosiologiese as 'n linguïstiese fenomeen.
- Sprekers gebruik hierdie woorde en frases om sosiale identiteit en verbondenheid binne 'n groep te vestig.
- Die gebruik daarvan word gedomineer deur omgekeerde prestige (*reversed prestige*); dit is prestige wat gebaseer is op kragtigheid (*toughness*) en mag.
- Dit kan gebruik word om 'n modegier (*fashion trend*) binne die breër gemeenskap te versterk.
- Dit is gemeensame taal onder die vlak van standaard opgevoede spraak; dus onder die vlak van neutrale taalgebruik.
- Dit kan van *casual to vulgar* varieer, maar 'n duidelike onderskeid kan nie getref word nie aangesien dit om houding gaan.
- Sleng bepaal die stilistiese vlak, dit beklemtoon skok, gee 'n ontspanne atmosfeer, laat iemand plat op die aarde klink. Dit laat iemand met taal speel en daardeur die situasie hanteer. (*Sweedse Nationalencyklopedin*, 1996)
- Sommige sleng-woorde het nie verfynde (*polite*) betekenis nie.
- Sleng is 'n veranderende stel gemeensame woorde en frases.
- Dit is kreatief en innoverend; dit bevat dus nuwe skeppings.
- Dit is "English with its sleeves rolled up, its shirt-tails dangling, and its shoes covered in mud" (*The Oxford Dictionary of Modern Slang*, 1992)
- Dit is "vocabulary in limbo ... awaiting acceptance or rejection by standard usage" (*Concise Encyclopedia of Pragmatics*, 1998).
- Daar is meningsverskil of *cant* (geheimtaal van die onderwêreld), jargon (professionele

³ Die neerslag van Tienerafrikaans in literêre werke sal in 'n opvolgartikel oor tienertaal en grammatikalisering onder die loep geneem word.

registers) en vloek as sleng beskou kan word, omdat eersgenoemdes met spesifieke groepe verbind word en vloek altyd met een of ander vorm van taboe verbind is (Trudgill & Andersson, 1990: 77-78).

- Alle slengwoorde het nie altyd 'n kort lewe nie; sommige verkry 'n permanente plek. Stenström noem 'n paar uit *The Oxford Dictionary of Modern Slang*, soos *fucker* uit skriftelike bronne van 1598, en *grub* (kos) uit 1659. Sommige word in die standaardvorm opgeneem en word dan as informeel gespesifiseer. In Afrikaanse woordeboeke word sulke vorme byvoorbeeld as *geselstaal* of as *plat* geëtiketteer.

4. 'n Model vir tienertaalvorme: slanguage kategorieë

Op grond van tiernegesprekke uit die COLT-data toon Stenström (2000) aan dat tienertaal meer is as wat gewoonweg as sleng beskou word. In plaas van om die term verder te omskryf, neem sy die term slanguage aan uit 'n kort artikel in *The Mirror* van 18 Julie 1997, "Mind your slanguage. Kids reveal their new lingo". Dit is vir haar 'n toepaslike term vir tieners se *slangy language*. Dit sluit goed aan by *The Concise English Dictionary* (COD) se beskrywing van slangy as "1 of the character of slang. 2 fond of using slang". GW, egter, gee *slangy* in die lemma **plat**, wat nie as oorkopelende 'n beskrywing van tienertaal beskou kan word nie.

Stenström (2000) se **slanguage**-model vir Britse tieners word hieronder as uitgangspunt gebruik. Voorbeelde uit die data vir Marais (2005) van dieselfde tipes vorme in die taalgebruik van Afrikaanse tieners, word gegee om die internasionale aard van tienvorme aan te toon. Die model word egter vir Afrikaanse tienertaal aangepas, aangesien die taalrepertorium van Afrikaanse tieners, wat verskillende registers van Afrikaans sowel as Engels beheers, verskil van dié van Britse tieners uit 'n primêr monolinguietiese omgewing.

Die kategorieë soos deur Stenström (2000) vir Britse tienertaal beskryf word, word hieronder gevolg. Vorme wat volgens die data van Marais (2005) in Tienerafrikaans voorkom, word dan onder elke hoof bespreek.

4.1 Egte sleng (proper slang)

Volgens Stenström (2000) vorm hierdie kategorie die grootste groep woorde en uitdrukkings en hulle kom die naaste ooreen met definisies van sleng, soos dit in woordeboeke voorkom. Sy beskou woorde en uitdrukkings as Britse sleng indien hulle in *The Oxford Dictionary of Modern Slang* (1992) en *Longman Dictionary of Contemporary English* (1987) as sodanig geïdentifiseer is. (Ander Engelse woordeboeke spesifiseer ook slengwoorde.)

Stenström onderskei tussen twee tipes egte slengwoorde: algemenes en dié wat tipies is van 'n groep of van 'n moderne tendens.

4.1.1 Algemene woorde en uitdrukkings

Dit is volgens Stenström (2000) vorme wat deur enigiemand, – dus ook deur tieners – gebruik kan word, soos *booze* ('drink'), *dude* ('fellow'), *fag* ('cigarette'), *rip-off* ('swindle'), *spooky* ('frightening').

Wat Afrikaans aanbetref, is daar nie woordeboek-bronne oor sleng nie.

Die 2002-AWS het wel 'n "Lys Omgangsafrikaanse woorde" (pp. 527-534). Dit word nie as

Standaard beskou nie, maar word, soos in die woordeboeke, ook nie as sleng beskryf nie. Met kolletjies wat die niestandaard-aard daarvan aantoon, word dié tipes vorme in die AWS (2002: 525) soos volg gespesifiseer:

1. Afrikaanse woorde waarvan die uitspraak nie deur die vorme van die Standaardvariëteit weergegee word nie, byvoorbeeld *hierie*^o ('hierdie'), *waai*^o of *warie*^o ...
2. Sekere Engelse woorde wat reeds 'n gevestigde Afrikaanse spelwyse het, byvoorbeeld *boggerol*^o, *kondêm*^o, *konfoes*^o, *oukei*^o, *orraait*^o of *orrait*^o en dergelike.
3. Woorde wat 'n Engelse spelling het, maar 'n Afrikaanse morfologie vertoon, byvoorbeeld *brag*^o (spog) *gebrag*^o, *coach*^o (afrig), *gecoach*^o, *complain*^o, *gekomplain*^o, *cool*^o of *koel*^o, *cooler*^o of *koeler*^o, *coolste*^o of *koelste*^o (met die betekenis van 'oulik, mooi, bakgat') ...
4. Sekere uitdrukkings het Engelse en Afrikaanse komponente: die Afrikaanse komponente maak dat dit kenmerkend van die Afrikaanse omgangstaal is. Voorbeelde is *boots en all*^o, *fair en square*^o, *finish en klaar*^o en andere ...

Met die uitsondering van *cool*, *uitfreak* en *band* (orkes), kan die woorde wat verder in die 2002-AWS se "Lys Omgangsafrikaanse woorde" gegee word, ook nie spesifiek as moderne tienervorme beskou word nie. Tieners sal egter, soos ander sprekers, sommige vorme soos onder andere *blowwave*, *cope* ('hanteer'), *highlight*, *sexy*, *weird* en *worry* uit hierdie Lys gebruik.

Dieselfde kan van dié tipe woorde in Afrikaanse woordeboeke en Afrikaans-Engelse woordeboeke gesê word.

In die verklarende woordeboeke HAT en WAT word sleng nie spesifiek aangedui nie. Die WAT stel sy benadering soos volg: "informele lemmas wat nêr 'onder' die vlak van standaardtaal lê, word met die etiket (*geselstaal*) gemerk ... Die etiket word ook gebruik om gevalle van sleng te merk." Die WAT gee 'n aantal Afrikaanse geselstaalwoorde en uitdrukkings soos *opfok* (*plat*), *naand* ('naderhand'), *jou naam gat maak*, *mal gaan*, *in sy malle mai in en gatta*. Daarbenewens is daar 'n aantal woorde uit Engels met dié etiket: *oukei*, *OK*, *oukei*, *nonsies* en *brekfis*. Dit is almal woorde en uitdrukkings wat nie spesifiek as tienertaal gereken sal kan word nie.

GW gee aan die Afrikaanse kant wel enkele woorde wat as sleng geëtiketteer is, soos *backfire* (*ge-*), *op 'n trip gaan*, *bak*, *bakgat* en *jop*. Pharos se *New words and previously overlooked ones / Nuwe woorde en oues wat in die slag gebly het* (saamgestel deur Madaleine du Plessis, 1999) spesifiseer baie woorde as sleng in die Engelse deel, en feitlik in alle gevalle as Amerikaanse of Britse sleng. In die Afrikaanse deel is dit net *howzit*, *hoezet*, *hoesit* wat as (SA sl.) geëtiketteer is en wat ook in die tienerleksikon voorkom.

4.1.2 Spesifieke vorme wat tipies van 'n groep of tendens is

Stenström (2000) noem die volgende as voorbeelde van slengvorme wat tipies van 'n groep of tendens is: *junkie* ('drug addict'), *speed* ('drug'), *spliff* ('cannabis cigarette', to do with the drug traffic). Dié tipes woorde staan nie in Afrikaanse woordeboeke nie.

Daar kom wel baie hiervan in die tienerdata van Marais (2005) voor:

(i) Verslawing, verdowingsmiddels:

weed rook ('dagga'); *drugs*, *druggies*; om *high* te wees (ook in "The Winthrop Slang Dictionary Spring 2004"; WSD); om op 'n *trip* te wees (wel in GW; ook in die WSD)

(ii) Benaminge en aanspreekvorme vir mense en groepe:

baie *chicks* (meisies) (ook in die WSD); *scater chicks*; *larry chicks* (meisies met styl, ens.)
dudes (groetvorm, ook in die WSD)
adrenaliene *junky*; *original hippy peoples*; *chom*; *faggot gay* (ook in die WSD); *freak* (ook in die WSD)

(iii) Musiek en vermaak:

Baie van die moderne musiekterme het reeds hulle weg na Afrikaanse woordeboeke gevind – meestal met 'n etiket of kwalifikasie by:

rave (*infml.*), rock(musiek), rap(musiek) (NW)

show (E) Vertoning, opvoering, konsert. *Die band het die naweek twee shows hier. Was jy al by 'n live show van dié groep?* (HAT 2000)

Die beste *live show* wat ek al gesien het ... (JIP, 5 Desember 2001).

(Lewendige) *vertoning* of *opvoering* sou nie vir 'n tiener dieselfde betekenis hê nie.

song (E) Liedjie, veral 'n pop- of trefferliedjie: *Haar nuutste song is stunning. Na watter song wil jy luister?* (HAT 2000)

... deur die beat meegesleur laat word terwyl song na song inmekaar vloei." (JIP, 2 Mei 2001)

Lied of liedjie dra nie dieselfde moderne betekenis as song nie. *Lied/liedjie* word meestal met ouer Afrikaanse sangers geassosieer.

Ander:

CD-reviews

live performances (JIP, 17 Januarie 2001)

Band word deur tieners gebruik om na beide die sanggroepe en die orkeste wat hulle begelei, te verwys. Hulle sal praat van *boy bands* soos byvoorbeeld Westlife, die manlike Britse musiekgroep, en van *girl bands* soos byvoorbeeld Shine 4, die vroulike Suid-Afrikaanse musiekgroep.

So vertel die manne van Akkedis, die Afrikaanse Boland-*band* ... (JIP, 25 Oktober 2000)
Orkes sou in hierdie sin nie dieselfde betekenis kon oordra nie.

Die COD gee nog nie *band* in hierdie betekenis nie, maar in *The free dictionary*-webwerf word die volgende verklaring gegee: "Boy bands: boy band (American English) or boyband (British English) is a style of manufactured pop group featuring about between three and six young male singer/dancers, but normally five."

(iv) Beskrywende en benoemende woorde en uitdrukkings

Sommige adjektiewiese woorde wat algemeen by tieners voorkom, word in par. 4.2 onder taboewoorde en in par 4.3 onder modewoorde beskryf.

Hieronder volg voorbeelde van beskrywende en benoemende woorde en uitdrukkings uit die antwoorde op 'n vraelys (vgl. Marais, 2005: 139-141). Die gewone Afrikaanse en Engelse vorme is hier uitgelaat.

1. Hou van iets	dis kwaai, kyk hier, nice, funky, cool, stunning cool
2. Baie mooi, aangenaam, aanvaarbaar	ag moeder; dis bevange, freaky, nice, funky, kwaai, dierbaar, sweet, stunning,
3. Hou nie van iets nie	lyk scruffie, crappy, goppig, jep, gross, ee-uuw (lank uitgespreek), kaas, gross, dit suck, dit suig
4. Onaanvaarbaar, afstootlik	goppig, gops, dis net rude, disgustig, fuckup
5. Fliek, koffie drink	movie, jol, visvang, gather
6. Iemand oorreegeer	totaal op my uitgefreak; bewoud geraak; she went besirk
7. Iemand is dom	dof, doffel, tapped
8. Iemand goed slegsê	zef, fuck up, fucknut, bitch
9. Jou vriende groet	chow, chao, hey girl, howzit, howzit, my bra, hi bra, cheers, cheers boet, hallo, what's up?
10. Van iemand se voorkoms, ens. hou.	lyk flippen mooi, stunning, spiff, sexy, kwaai, befok, smart, freaky
11. Na 'n oulike seun verwys	sexy, stunning ou, talentvol, cute, babe
12. Na 'n seun verwys wat jou nie aanstaan nie	jep, gork, asshole, lozer, freak, skirf
13. Na 'n oulike meisie verwys	kwaai meisie, cute, heavy oulik
14. Na 'n meisies verwys wat jou nie aanstaan nie	poplap, bitch, fugly, sy's jig

(v) Enkele ander vorme, of vorme met 'n "tiener-betekenis":

Uit die data vir Marais (2005) kom onder andere die volgende: regtig *kief*; JIP is *hip* (JIP, 17 Januarie 2001); *freaky* JIP people; die venue *sucks* (JIP, 28 November 2001); nou *suck* dit; *cool* car; dit is *cool*; *wicked* kar ('wonderlike'), 'n *vicious* ou ('aantreklik'); voel *peachy* ('lekker'); *bevange* ('goed'); *bevange* geskrik ('erg!'); dis *kwaai* / dis nie baie *kwaai* nie ('goed'); *snazzy*; *massive*; Ek *dig* nie eintlik skoolwerk nie; *funky* geskryf (JIP, 17 Januarie 2001). NW beskryf *funky* (wat eintlik 'n musiekterm is), in die betekenis van 'aards, gevoelvol, eienaardig' as sleng.

(vi) Die intensiveerders *heavy*, *moerse*, *woes* en *flippen*:

Die algemeen-gebruiklike *vreeslik* (soos in *vreeslik mooi/moeilik/goed*) en *verskriklik* (soos in *verskriklik lekker/ moeilik*) word deur *heavy* vervang:

heavy cool; *heavy rassis*; *heavy rassisties*; *heavy moeilikheid opgetel*; *heavy lekker*, *heavy adrenalien junky*; *Ian bly in die heavy skurwe valley*; *maar toet ek haar heavy rondgeneuk*; *dit freak hom heavy uit*; *dan kry jy ander mense wat dit doen en scheme dis heavy lekker*; *heavy gegrief*; *heavy oorspronklik* (JIP, 18 Julie 2001). Die *slang* wat ons gebruik, is lekker want jy kan jouself *heavy express* daarmee. Ek dink hy's nou 25 en hy's nog steeds *heavy* met die *slang*.

Dieselfde geld vir *moerse*, *woes* en *flippen*, soos in
moerse goed, *moerse unfair*, *dis woes lekker*, *flippen nice*

4.2 Taboewoorde

Terwyl Trudgill & Andersson (1990: 77-78) daarop wys dat vloekwoorde nie as sleng beskou kan word nie, wys Andersen (1999) op die sosiale betekenis agter die gebruik van sommige kru woorde en beskryf dit soos volg:

By the look of things, swear words are very commonly used in a playful and jocular manner in adolescent conversation, and they are not meant to be rude, impolite or derogatory. These are potential social.

Uit die data vir Marais (2005) is dit duidelik dat die Afrikaanse tiener nie slegs kru woorde uit Engels gebruik nie, maar ook talle Afrikaanse woorde tot die lys kan byvoeg.

Taboewoorde wat as slengvorme gebruik word, word deur Stenström (2000) in twee kategorieë verdeel:

4.2.1 Taboewoorde as plaasvervangers vir aanvaarde sinonieme

Sommige taboewoorde soos *piss somebody off* ('irritate'), *to be pissed* ('drunk'), *bugger up/screw up* ('ruin') word wat as plaasvervangers vir aanvaarde sinonieme gebruik.

Die volgende taboewoorde met hulle sinonieme uit die tienertaaldata van Marais (2005) illustreer hierdie verskynsel:

Die party was 'n *fuck-up* ('n gemors'). "Ek is nou *gatvol*" ('moeg'). My computer het sy *gat gesien*" ('gebreek'). Hy is *bedoos* ('vol bog'). Ag *bollies* ('bog'). Hy het *kak* gemaak ('moeilikheid veroorsaak'). Sy is lankal so vol *crap* ('vol nukke'). En al daai *shit* ('bog')

Hierdie tipe skelwoorde, wat in tienertaal dikwels speels gebruik word (vgl. Andersen, 1999), kan in die volgende groepe verdeel word:

(i) Skelwoorde vir persone:

Die lewe is 'n lied, sing *bliksems* sing!
stupid ass, asshole, fucknut, moer, doos, bitch, pissy outjie

(ii) Geïntensiveerde vorme:

Geïntensiveerde taboewoorde kom veelvuldig in tienertaal voor. Uit die data van Marais (2005)

is onder andere die volgende opgeteken:

piscool, 'n *poescool* kar

piele nice, funky shit ('regtig goed'), *freak shit*

Dis 'n *flippen* mooi broek

Flippen is 'n woord wat volgens "The Winthrop Slang Dictionary Spring 2004", as eufemisme vir *fucking* begin het. Die onderstaande inskrywing verskyn in HAT (2000): **flippen** (*plat*) Eufemisme vir *fokken*.

Ek voel *honderd-bedonderd*

Dis *moerse cool*; *moerse unfair* ('baie')

Die onderstaande inskrywing verskyn in HAT (2000):

moers (*plat*) Erg, kwaai, geweldig: Hy is *moers kwaad vir die geskindery oor hom. Hierdie ding kan 'n moerse moeilikheid afgee*.

Wanneer *moerse* in tienertaal gebruik word, is die uitspraak [mursə].

(iii) Taboewoorde wat sterk uitdrukking van gevoekens gee:

Uit die data van Marais (2005) is die volgende onder andere aangeteken:

Good shit (goedkeuring)

screw dit; *screw you!*

Fucken hell bro! (as 'n uitdrukking van ongeloof of bewondering)

Jou *geil bliksem* (goed-bedeelde man; algemene goedkeuring)

4.2.2 Taboewoorde wat net gebruik word om te vloek

Stenström noem voorbeelde soos *bollocks*, *for fuck's sake*, *what the fuck* en *shit* as taboewoorde wat net gebruik word om te vloek.

Uit die data van Marais (2005) kom die volgende:

Wat de *fuck* doen jy? *fucknut*, *fuckup*, *shit*, *dumbshit*

4.3 Modewoorde

Stenström (2000) beskryf modewoorde as woorde wat alreeds in die standaardtaal bestaan, maar vir 'n kort tydjie meer dikwels in 'n ander betekenis gebruik word voordat dit weer in die gewone betekenis gebruik word. Die voorbeelde wat sy hiervan noem, is: *massive* ('impressive'), *paranoid* ('afraid') en *rough* ('exciting'). Sulke woorde word as sleng ervaar in die lig daarvan dat hulle so gereeld in 'n ongewone betekenis deur tieners gebruik word, soos ook in die UNO-projek (vgl. Stenström & Kotsinas, 2000) ten opsigte van tienersleng in Noorweë, Swede, Finland en Denemarke bevind is.

Die tabel hieronder bevat enkele voorbeelde van Engelse modewoorde. Voorbeelde uit die data vir Marais (2005) verskyn in Kolom 1 met vergelykende woorde uit die Engelse tydskrifte *Girl Talk* (Nov. 2003) en *Inspirations* (Nov. 2003) in Kolom 2. *Girl Talk* is 'n tipiese tienertydskrif vir meisies terwyl *Inspirations* 'n gesofistikeerde glanstydskrif oor binnenshuise versiering is, wat aantoon hoe tieners hierdie modewoorde in ander kontekste gebruik.

1	2
Die movie was <i>brilliant</i> .	It must be <i>brilliant</i> being famous. (Girl Talk) <i>Brilliant</i> and easy decorating. (<i>Inspirations</i> , voorblad)
Jy lyk <i>fabulous</i> .	We have a <i>fabulous</i> prize for you (<i>Girl Talk</i>)
Hy is <i>gorgeous</i> .	This <i>gorgeous</i> wildberry and silver bike.. (<i>Girl Talk</i>) ... <i>gorgeous</i> gardens to create.. (<i>Inspirations</i>)
Die rok is <i>stunning</i> .	<i>Stunning</i> homes (<i>Inspirations</i> , voorblad)

Ander voorbeelde van modewoorde uit die tienerdata vir Marais (2005) is:

'n *glamorous* lewe" (JIP, 15 November 2000)

Het julle maar net *conveniently* daarvan vergeet? (JIP, 20 Desember 2000)

dis nie so 'n *mission* nie (JIP, 26 Julie 2000)

Ek lag altyd vir die skrywers wat so 'n *issue* het met taalgebruik (JIP, 26 September 2001)
weird, awesome, stunning, gross, sweet, disgusting, great

Die volgende woorde en uitdrukkings uit Marais (2005) se data lê op die grens van hierdie tipe vorme:

wat jy moet leer van *life experiences* is van die lewe self af, die wêreld.

Nee, ek het 'n *strong will power* kan ek maar sê.

Ek *like* dit, want jy kan jousef meer *express*, jy weet.

unlucky as hulle nie daar was nie

Dit sal sommer baie help vir die *perfect* belewenis (JIP, 28 November 2001)

Al die *girls*

Hoekom *review* julle nie 'n bietjie die *venues* ook nie? (JIP, 28 November 2001)

hoewel hy soms kitaar speel in *live performances* – *so there!* (JIP, 16 Mei 2001)

So ja, besluit of jy 'n *true Generation kicker* gaan wees met 'n *long term goal*
(JIP, 18 Julie 2001)

want sy's nog *up to date* met *fashions*; sy weet wat aangaan in die wêreld.

Nou kan ek soos *legally* drink.

No *offence*, dit sou nie by tannie gepas het nie.

4.4 Vervangende (proxy) woorde en uitdrukkings

Procy woorde en uitdrukkings is vervangende en verwysende woorde wat Stenström (2000) in twee groepe verdeel.

4.4.1 Vevangings vir SÊ voor die direkte en indirekte rede

Die eerste groep wat Stenström noem, bestaan uit 'n vorm van *BE* plus *like* wat voor die direkte rede in die plek van *SAY* gebruik word, soos in "he was like I didn't do it, I was like wow!" en "he goes I didn't do it, I go(es) wow!"

In die data van Marais (2005) kom *tune* en enkele kere is *soos* en *gaan* voor die direkte en by die indirekte rede voor:

Ek wil eendag op my sterfbed lê en *tune* "Ek het dit gedoen.

Naweke sal hulle bymekaar kom en *tune*: "Kom ons speel computers.
As 'n ou nou hier stop en hy *tune*: "Check it out, wil jy gaan sky diving doen?
Toe *tune* ek haar: "OK, ek's baie jammer.
Maar *tune* my nou: Hoekom wil tannie nie rook nie?
Hy't *getune* hy gaan 'n house party gooi.
Dan is sy net *soos* in: "OK, hoe laat gaan julle terug wees?"
En hy gaan: "Wie't dit gesê?"

4.4.2 Groepmerkers

'n Tweede groep bestaan uit groepmerkers wat na 'n vooraf-genoemde groep verwys:
"coffee and cookies and stuff like that; Josie and Shelley and that lot".

In die data vir Marais (2005) kom *en goed* en *en stuff* as sulke groepmerkers voor:
toe hoor ek by haar vriende en goed
hulle word druggies en wash outs en goed
jy voel sleg en jy's naer en al sulke goed
Jy's weg ... van al jou probleme en sulke goed.
slang accents en goed
en toe hoor ek by haar vriende en stuff

4.5 Pragmatiese merkers

Stenström (2000) deel woorde in tienertaal wat sy pragmatiese merkers noem, in die volgende groepe in: *appealers*, *hedges* en *empathizers*. Hierdie indeling word hieronder gevolg met voorbeelde uit die data van Marais (2005).

4.5.1 Appelleerders (*appealers*)

Dit is woorde waarmee die spreker aanspraak maak op terugvoering van die luisteraar. Hier word verwys na pragmatiese merkers soos "the 'invariant' tag innit (he's so bloody stupid innit)" en "yeah (and then I went home yeah and had dinner yeah)".

In Tienerafrikaans, én by ander Afrikaanse groepe, kom veral verstaan, rêrig en yeah as appelleerders voor:

Dis al van jare af dat mens actually wil vlieg, verstaan, individually.
Ek meen, rêrig (JIP, 21 Oktober 2001)
Jy ken daai ou, *yeah*

4.5.2 Skermers (*hedges*)

Dit is die versagterende woorde "sort of (it's sort of mad)" en "like (she like follows me around)", wat dikwels saam voorkom soos in "(it was sort of like fashionable)".

In Tienerafrikaans, én by ander groepe, kom veral soos, in 'n ander betekenis as in die gewone vergelykende funksie van *soos* voor, asook *soort van* soos die Engelse *sort of*:

Dan is hy soos in sy sestigs.
Dis soos Ian is hiero, en ons gaan nou soos môre ...
... dat ek weet waar julle soos is.

Jy moenie soos 'n Whimpy oopmaak nie.
Jy sal soort van dit self moet bring.

4.5.3 Bevestigers (*empathizers*)

Dit is soos "you know (I met Alex you know)".

In Tienerafrikaans kom bevestigers voor wat eintlik net met tieners verbind word, soos *warra*. Daarby is daar 'n hele aantal sulke vorme wat wyer voorkom, maar ook 'n algemene voorkoms onder tieners het:

Jy gaan sky diving doen, verniet, *warra*.
toe *actually* begin koerant lees (JIP, 17 Januarie 2001)
anyway, ek is bly (JIP, 26 Julie 2000)
Tannie, *ja*, ons praat so, *ja*
Maar ja, ons sal sien hoe werk stories vir my uit.
Jy sal kom, *right*.
en dan terugkom, *jy weet*
dis hoekom jy moet weed rook voordat jy gaan slaap, *verstaan*
well, dis wat Ian sê
of cause, ek sal ek dit doen
want na dit, *mind you*, jy kry verskillende mense
OK, dan gaan ons
die scater chicks *soos ons hulle noem*

4.5.4 Monitors (*monitors*)

Dit is woorde wat gereeld in die omgangstaal voorkom soos "I mean (that's the truth though I mean that is a bit silly isn't it)" en "just" en "really".


In die tienerdata van Marais (2005) is veral *kan ek maar sê*, *ek meen* en *né* opgeteken. Dit het ook 'n wyer spreiding.

Nee, ek het 'n strong will power, *kan ek maar sê*.
Ek meen, even in my ma-hulle se tyd
Ek meen, dis verstaanbaar.
Elaine, *nè*, hulle het uitgegaan
ek het 'n strong will power, *kan ek maar sê*

5. Samevattend: 'n model vir Tienerafrikaans

As samevatting word die onderstaande model vir Tienerafrikaan gegee. Dit toon dat dieselfde kategorieë vorme in Tienerafrikaans bestaan as wat in 'n groot datakorpus van Britse tienertaal bevind is. Dit hou nie in dat alle woorde en uitdrukkings in alle variëteite internasionaal en ten opsigte van Afrikaanse tienertaal voorkom nie, maar dat tendense ooreenkom.

TIENERAFRIKAANS



VERWYSINGSLYS

- Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS). 2002. Saamgestel deur die Taalkommissies van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Kaapstad: Pharos.
- Andersen, Gisle. 1997. "I goes you hang it up in your shower, innit? He goes yeah." The use and development of invariant tags in London teenage speech. (Besoek Augustus 2001) <http://www.hf.uib.no/hfolk/henga/Publications.html>.
- Andersen, Gisle. 1999. Pragmatic markers and sociolinguistic variation: a corpus-based contrastive study. (Besoek Aug 2001) <http://www.hf.uib.no/hfolk/henga/Publications.html>.
- Andersson, Lars & Trudgill, Peter. 1990. *Bad language*. Oxford: Basil Blackwell.
- Androutsopoulos, J.K. 1999 Grammaticalization in Young People's Language. The Case of German. (Besoek Aug 2001) <http://www.archetype.de/papers/gramm.html>.
- Androutsopoulos, J.K. 2000. Extending the concept of the (socio)linguistic variable to slang. (Besoek Aug 2001) <http://www.archetype.de/papers/SlangVar.pdf>.
- Androutsopoulos, J.K. 2001. Switching from national language to English in media discourse: Some findings from German youth-cultural media. (Institut für Deutsche Sprache Mannheim.) (Besoek Aug 2001) <http://www.idsmannheim.de/prag/sprachvariation/tp/tp7/Oxford-draft.pdf>.
- AWS (Sien Afrikaanse Woordelys en Spelreëls)
- Bloemhof, Francois. 2000. *Slinger-slinger*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brain, Helen. 1998. *Tamara*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- COD (sien *The Concise Oxford Dictionary*).
- De Klerk, V. 1991. What's the current slang? *English usage in Southern Africa* 22: 68-82.
- De Villiers, Leon. 1997. *Die Pro*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Du Plessis, Madaleine (samesteller). 1999. *New words and previously overlooked ones / Nuwe woorde en oues wat in die slag gebly het*. Kaapstad: Pharos.
- Eckert, P. 1989. *Jocks and Burnouts: Social categories and identity in the high school*. New York: Teachers College Press.
- Ehmann, Herman. 2001. *Voll konkret. Das neueste Lexicon der Jugendsprache*. München: Verlag C.H. Beck.
- Girl Talk*. Nov. 2003.
- Groot Woordeboek / Major Dictionary* (GW). 1997[1926]. 14e uitgawe, versorg deur L.C. Eksteen. (Elektroniese weergawe). Kaapstad: Pharos.
- GW (sien *Groot Woordeboek / Major Dictionary*).
- Hough, Barrie. 1998. *Skilpoppe*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Inspirations*. Nov. 2003.
- JIP (Bylaag tot Beeld), vanaf Julie 2000 tot Desember 2002.
- Labov, W. 1972. *Language of the inner city: studies in the black English vernacular*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.
- Marais, Salome. 2005. Afrikaanse tienertaal. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Johannesburg.
- Mfusi, J.H.M. 1992. Soweto Zulu slang: a Sociolinguistic study of an urban vernacular in Soweto. *English usage in Southern Africa* 23: 39-81.
- NW (Sien Du Plessis, samesteller)
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. (reds.) 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.

- Nagtegaal, Jackie. 2002. *Daar's vis in die punch*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Romaine, S. 1984. *The Language of Children and Adolescents*. Oxford: Blackwell.
- Sanders, J. 2002. What's still in the spot? (Besoek 21 April 2001) <http://www.csupomona.edu/~jasanders/slang/FAQs.html>.
- Schlobinski, Peter & Heins, Niels-Christian (Hrsg.). 1998. *Jugentliche und 'ihre' Sprache. Ein Project von Schülern und Studierenden aus Osnabrück*. Pp. 9-24 in Peter Schlobinski & Niels-Christian Heins.
- Schlobinski, Peter & Heins, Niels-Christian. 1998. *Jugentliche und 'ihre' Sprache. Sprachregister, Jugendkulturen und Wertesysteme. Empirische Studien*. Opladen/Wiesbaden: Westdeutscher Verlag.
- Stenström, Anna-Brita. 1996. Tags in teenage talk. Pp. 139-147 in U Fries, V. Muller & P. Schneider (Eds.), *From Aelfric to new York Times. Studies in English corpus linguistics*. Amsterdam: Rodopi.
- Stenström, Anna-Brita. 2000. From slang to slanguage: a description based on teenage talk. (Besoek Augustus 2001) http://mnytud.arts.klte.hu/szleng/SZL_KUT/03MIASZL/STENST_A.DOC.
- Stenström, Anna-Brita & Kotsinas, Ulla-Britt. 2000. Teenage language, slang and youth culture. (Besoek Augustus 2001) <http://www.ub.no/uno/unoEng/bibliography/>
- The Concise Oxford Dictionary (COD)*. 1990. First edited by F.G. Fowler & R.E. Allan. Oxford University Press.
- The Free Dictionary. (Besoek September 2004) <http://img.thefreedictionary.com/home>.
- The Oxford Dictionary of Modern Slang*. 1992. Oxford: Oxford University Press.
- The Winthrop Slang Dictionary Spring 2004. (Besoek September 2004) <http://faculty.winthrop.edu/kosterj/WRIT102/slang04.htm>.
- Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) (A-O)* (elektroniese weergawe). Van Schaik Electronic. WSD (sien "The Winthrop Slang Dictionary").
-

OOOR DIE SKRYWERS

Salome Marais het 'n intense belangstelling in die taalgebruik van jongmense. Sy het 'n groot datakorpus oor tienertaalvorme versamel vir haar M.A.-verhandeling.

Salome Marais

salomem@hotmail.com

Anna Coetzee is professor in Afrikaanse Taalkunde en een van haar groot belangstellingsvelde is die sosiolinguistiek, en dus in taal soos dit werklik binne die sosiale konteks gebruik word.

Prof. Anna Coetzee

Departement Afrikaans

Universiteit van Johannesburg

aec@rau.ac.za